


KOERSVAS



In hierdie tweede uitgawe van Koersvas

- Nuusbrokkies
- Oproep tot byeenkoms
- Pietersburg
- Wat my pa my geleer het
- Frustrasies

26 Oktober 2012

Welkom by die tweede uitgawe van KOERSVAS. Dankie vir die terugvoer en gelukwensings wat ons ontvang het. Soos u sien, pryk 'n ander embleem op hierdie uitgawe. Lees meer daaroor in *Die Skietlood*. Ons herinner u daaraan dat u deelname onontbeerlik is. Soos die publikasie groei, sal dit vorm aanneem. Intussen toets ons verskillende inhoude. U word versoek om **name en e-pos adresse** van persone wat na u oordeel op ons **poslys** hoort, aan te stuur. Daarmee saam 'n volgende versoek dat u 'n paar kopieë van KOERSVAS druk en beskikbaar stel vir diegene wat nie toegang tot die internet het nie. **Deel dit gerus ook in u gemeentes uit.**

Nuusbrokkies

Die volgende golf van gemeentes wat besluit om onafhanklik te funksioneer het begin.

- Pietersburg gemeente het op 21 Oktober die gesluit geneem.
- Premiermyn het gevolg op 22 Oktober.
- Vaalwater gemeente funksioneer reeds geruime tyd as huis-gemeente, maar het nou besluit om onafhanklik aan te gaan. Ironies bestaan die huisgemeente uit die meerderheid van die voormalige

gemeente. Dit is enkelinge wat onder die "beskerming" van die KommAKV agterbly.

Oproep tot byeenkoms

Ons November byeenkoms is DV oor twee weke. Ons versoek u vriendelik om so gou doenlik ons in kennis te stel indien u die byeenkoms gaan bywoon, hetsy as individu of as gemeente. Ons sal dit verder waardeer indien u ons in kennis kan stel sou u 'n afvaardiging stuur. Ons moet getalle finaliseer sodat ons kan weet hoeveel mense onthaal gaan word. Enige versoek rondom die sakelys moet voor 31 Oktober by die skriba wees: fransnhk@gmail.com.

Onthou: **10 November** 2012 by **Premiermyn** Hervormde Kerk te Cullinan om **09:00** (registrasie vanaf 08:00)

Pietersburg onafhanklik

Ds Frans Oosthuizen berig vanuit Pietersburg:

Sondag 21 Oktober 2012 staan in ons Gemeente se geskiedenisboek opgeskrywe.

Die direkte aanloop tot die gebeure op dié datum, was 'n Buitengewone Ouderlingevergadering van Woensdag, die 10de Oktober. By laasgenoemde geleentheid, wat ook deur die diakens bygewoon is op

uitnodiging van die ouderlinge, is 'n sterk standpunt, eenparig, ingeneem. Die standpunt is opgeneem in die besluit van die gemeentedevergadering van 21 Oktober.

Die gemeentedevergadering het eenparig die volgende besluit geneem: *In nederige erkentlikheid voor God ons Vader, Jesus Christus ons Here, en God die Heilige Gees, het ons 'n vergadering van lidmate gehou op 21 Oktober 2012 AD. Ons het besluit om voort te gaan op die bekende en Bybelgetroue, teologiese en historiese pad van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika soos tot aan die einde van die 80er-jare van die vorige eeu. Ons sien nie meer ons weg oop om ons te onderwerp aan die opsig, teologiese leiding, en derhalwe, om deel te wees van die administrasie en kerkgenootskap van die huidige Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie.*

Hierdie gemeente sal DV voortaan funksioneer as 'n onafhanklike gemeente in die kerk van Jesus Christus. Voorlopig sal ons bekend staan as die Onafhanklike Hervormde Gemeente/Kerk Pietersburg (op die perseel van die Vereniging Zoutpansberg).

Ons besluit is die gevolg van die besluite wat geneem is op die 69ste Algemene Kerkvergadering (54/69), en die daaropvolgende Buitengewone Algemene Kerkvergadering. Afgesien daarvan dat afgewyk is van die waarheid soos die Skrif vereis, kerkordelikheid in gedrang gebring is, is hierdie besluite geneem met 'n vreemde teologiese onderbou. Inteendeel, dit dui op 'n bewuste wegbeweeg van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se eeue Reformatoriese teologie. Dit kom ook neer op 'n veroordeling van die

Kerk se oorsprong, geskiedenis en bestaansreg.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het veral vanaf die 90er-jare van die vorige eeu die Bybels-Reformatoriese teologie begin versaak. Aangevuur deur die drif om deel van die ekumeniese wêreld te word, en dit ten koste van ons Reformatoriese erfenis, is die Kerk se teologie vervlak. Hierdie wegbeweeg word direk toegeskryf aan die afwykende teologiese tendense ten opsigte van die Skrif, die Belydenis, asook die Reformatoriese liturgie van die Kerk. Hierdie afwykende tendense word in snelgroeiende maat waargeneem in die Kerk se teologiese arbeid, publikasies en elektroniese media, uitsprake van veral geleerde teoloë, en vergaderings.

Ons beskou ons optrede as 'n wekroep tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat haar heilige roeping versaak.

Ons bede is dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tot inkeer sal kom, terug sal keer na die Bybel as Woord van God, en die Belydenis as die korrekte interpretasie daarvan. Ons bid om daardie dag, sodat ons weer met mekaar één in die geloof kan word.

Ons onderwerp ons met oorgawe aan die gesag van die Bybel as die Woord van God, en verstaan die Belydenis as geldige opsomming van ons Geloof soos opgesluit in die Bybel. Teen hierdie agtergrond sien ons onself as 'n voortsetting van die ware Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Ons het niks om op te roem nie.

Ons staan voor God in sonde.

Ons roep om sy vergifnis om Christus ontwil.

Mag God ons genadig wees, en ons deur Sy Gees, tot gehoorsaamheid aan Hom alleen, bly besiel.

Die Gemeente het hierdie jaar haar 160ste bestaansjaar herdenk.

In die tyd was die Gemeente se Geloofsoortuigings, en haar eiendom, soos vandag, telkens in gedrang. In die jare rondom 1852, was hier in die Noorde 'n sendeling uit die Kaap. 'n Man met die naam van Stefanus Hofmeyr. Hy het met sy charismatiese inslag eidelose pogings aangewend om die Hervormers hier te *bekeer*. Toe hy besef dat sy pogings nie suksesvol is nie, het die kritiek van sy kant teen die Hervormers maar net in felheid toegeneem. Uiteindelik het die Hervormers hulle kerkgebou en pastorie in Schoemansdal (Zoutpansberg) verloor weens die vyandigheid van die omliggende swart volke. So het die voortrekkers suidwaarts gekeer en 'n sinkkerkgebou te Marabastad opgerig. Met die poging tot die destydse kerkvereniging, is dié kerkgebou ter nouer nood, en met 'n gevolglike hofbeslissing, behou.

Ongeveer 28 jaar gelede het 'n predikant van die Gemeente bedank. Hy het teologiese probleme gehad met die geloofsartikel "en neergedaal na die hel", asook met die Verbondsdoop. Die Gemeente het 'n paar lidmate verloor wat saam met dié predikant die Kerk verlaat het. Die oorgrote meerderheid het egter vas bly staan by hulle Geloofsoortuigings.

Met die huidige aanslag op die Woord en die Belydenis, het die Gemeente weer getoon dat hulle bereid is om vas te staan vir die geloof wat eeue oud is. Met die eiendom, wat ook weer eens in gedrang is, is 'n poging van stapel gestuur om, vir so ver menslik moontlik, dit vir eens en altyd so te beskerm, dat niemand van buite weer

kan poog om ons dit te ontnem nie. Ook nie die KomAKV nie.

Ons Gemeente is geensins die mening toegedaan dat ons, en almal wat soos ons dink, alleen die waarheid in pag het, of dat ons die enigste gereddenes op aarde is nie. Ons optrede kom vanuit 'n hartsoortuiging. 'n Hartsoortuiging wat ons weer en weer aan die Skrif wil laat toets, én daaraan onderwerp.

Maar 'n hartsoortuiging wat nie te toets is, aan 'n kanon agter die kanon nie. Nie te toets is aan 'n teologie, vervalde in die humanisme nie.

Wat my pa my geleer het

Ds Gawie Wolmarans vertel: "Een van die kosbaarste lesse wat my Pa my geleer het toe ek pas predikant geword het, was hoe om kritiek teen jou te hanteer: "Om 'n predikant te wees", het hy gesê, "maak onmiddelik van jou 'n hoë boom wat wind gaan vang. Jy weet jy is 'n gewone mens, jou familie en vriende weet dit, maar vir een-of-ander rede plaas die res van die mense 'n predikant op 'n verhogie sodat almal iets oor hom te sê kan hê. Dit gaan jou baie kwesbaar maak. Nie al die stories gaan altyd by jou uitkom nie, maar ván die wat by jou gaan uitkom, sal nie altyd die waarheid wees nie, en jy sal ook nie altyd weet wie die storie versprei het nie. Moenie jou laat omkrap deur sulke stories nie. As daar waarheid in steek, erken dit en maak dit reg. As dit nie die waarheid is nie, kan jy probeer om die oorsprong daarvan vas te stel. Die meeste van die tyd sal jy dit nie regkry nie, want daardie ou is al lankal dood. Leef egter só dat die mense wat jou ken, sal sê: 'Ek glo dit nie!' en dat hulle dan agter jou rug vir jou sal intree."

'n Tweede as't ware "familie-erfenis" het gegaan oor die waarde van 'n goeie naam: "Jy kan al jou besittings

verloor het, maar jy is nog ryk as jy 'n goeie naam het. Die dag as jy jou goeie naam verloor het, dán is jy arm!" (Spreeke 22:1). Dit het natuurlik te doen gehad met ons familiegeskiedenis as deel van die Groot Trek uit die Kaap uit. In die eerste plek is groot familieplase agtergelaat en het die trekkery groot ontbering en armoede tot gevolg gehad. As Bittereinders was my oupa en oupagrootjie krygsgevangenes in onderskeidelik Ceylon en St.Helena. Met hulle terugkeer was daar eenvoudig niks oor behalwe net die dorre land nie, want die Engelse het met hulle "verskroeiende aarde-beleid" probeer om die siel van die Afrikaner te vernietig. Waarin daardie tyd se mense hulle waarde gaan vind het, was om waardig in die oë van die Here te wees. Dit was vir hulle goed genoeg om te weet dat hulle die Here in alle opsigte probeer behaag. Dit het hulle skatryk laat voel.

'n Derde lewenswaarheid kom uit tipiese kinder-konflik. Ons as kinders, sewe van hulle, was gereeld in mekaar se hare en dan moes Ma maar probeer het om vrede en reg te laat geskied. As die saak dreig om by Pa te gaan draai, was daar gewoonlik 'n laaste poging om uit die ding te kom: Om 'n leuen te vertel! Óf is 'n leuen gebruik om jou onskuld te probeer bewys, óf jy het gejok om die ander een in die moeilikheid te bring. Pa se woorde was altyd: "Laat jou "ja" "ja" wees, en jou "nee" "nee" (Matteus 5:37). Vat jou pak as jy een verdien, maar moenie dat 'n leuen só 'n deel van jou persoonlikheid word, dat mense naderhand nie meer 'n woord glo wat jy sê nie. Dan het hy daar bygevoeg: Die toets vir 'n man, is hoeveel dit van hom vat om 'n leuen te vertel.

'n Vierde een was die een oor die blom, heuningby en spinnekop. Dit kom glo van my oupa af, en dalk ook van my oupagrootjie. Pa het altyd gesê: "Oupa het altyd gesê die Bybel is soos 'n blom: Die heuningby kom sit daarop en vervaardig die allersoetse en heilsame heuning daaruit. Die spinnekop kom, en gebruik dieselfde stuifmeel om die dodelikste gif mee te maak." Daarmee het hy natuurlik verwys na mense wat die Bybel probeer gebruik om die Bybelse waarhede te probeer vernietig. Dan dink ons dit is iets nuuts!

'n Vyfde een het gegaan oor die inherente vermoë van die kerk om suiwer te bly: "Die Kerk is soos die see: Al die opdrifsels wat daarin is wat nie daarin hoort nie, sál op die strand uitgespoel word. Moenie bekommerd wees nie: God hou self Sy kerk in stand." Ek glo nogal self daarin, want die kerk het oor eeue heen daarin geslaag om 'n tuiste van gelowiges te bly. Ongelowiges woel vir 'n rukkie en veroorsaak 'n maalstroom, maar voor jy jou oë kan uitvee, is hulle en hulle slim boeke vergete, het die see bedaar en is die Bybel weer die spil waarom alles draai.

Frustrasies

Intussen moet ons berig dat Renette du Plessis geen tree vorder met haar klag teen Prof AG van Aarde nie. Die Sekonduskommissie weier om vir haar redes te gee waarom hulle beweer dat haar klag nie voldoen aan die vereistes van die Kerkorde nie. Dit is 'n vreemde besluit aangesien sy as regsgeleerde waarskynlik die Kerkorde reg kan interpreteer en toepas.